

Hoofstuk van die dag: Markus 13

> *Wees op julle hoede; wees waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die tyd daar is nie. (vers 33)*

Terwyl hierdie ’n baie emosionele tyd vir Jesus moes gewees het, en Hy begin afskeid neem van die lewe tussen sy mense, is

die dissipels steeds op ’n heel ander bladsy. Hulle is beïndruk met Herodes se fantastiese tempelkompleks (vers 1), terwyl Jesus in diepe droefheid is oor die stad en haar mense, want Hy weet die stad sal met die grond gelyk gemaak word (vers 2).

Dan begin Hy met hulle praat oor die toekoms, van die rampe en ellende wat wag. Ons moet hier versigtig wees, want alles wat Jesus voorspel, hou nie verband met die wederkoms nie. ’n Groot deel van sy profesieë gaan oor die vernietiging van Jerusalem in 70 n.C. Hy praat wel ook oor die wederkoms. Niemand weet wanneer die wederkoms sal plaasvind nie, nie eers Hyself nie! (vers 32)

Dit het nie sin om te probeer uitwerk wanneer Hy weer gaan kom nie. Dit sal onverwags gebeur, en daarom moet ons elke dag gereed wees. Dalk kom Hy vandag. Hoe wonderlik sal dit nie wees nie!

Kom, Here Jesus, ja, kom haastig!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026